

8 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 20:1-21:21 (OAV)

Fokusgedeelte: Genesis 21:1-7

‘n Lag van twyfel word die lag van vreugde

Genesis 21 begin met ‘n juigkreet. Isak is gebore! Sara het krag ontvang om bevrug te word. Sy wat oud en afgeleef was, word moeder. Dit het gebeur omdat sy die belofte van God geglo het (Hebr 11:11). Ja, daar was dae van twyfel toe sy vir die belofte gelag het (Gen 18:12). Ook Abraham het ‘n twyfellag gegee (Gen 17:17), waarop God geantwoord het met die bevel dat hy die kind Isak moet noem. Nou is die kind gebore en Abraham noem hom Isak. Hierdie naam hou verband met die Hebreeuse woord “om te lag”. Daardeur word Abraham vir altyd daaraan herinner dat God sy twyfellag in ‘n vreugdelag verander het. Sara erken dit openlik (vers 6). Ook vir haar is die naam ‘n herinnering aan haar lag van twyfel, maar nou lag sy met die onbeskryflike blydschap van ‘n moeder. Elkeen wat hoor dat sy in haar ouderdom ‘n kind in die wêreld gebring het, sal lag - nie met ‘n spotlag soos Ismael nie, maar met ‘n vreugdelag. Hierdie vreugdelag sal in ewigheid voortduur, want uit Isak se nageslag is ‘n ander Seun van die belofte gebore. En Sy geboorte was nog veel wonderliker as dié van Isak. Hy bring nie tydelike vreugde nie, maar ewige vreugde. Deur Hom is daar blydschap in die hemel oor elke sondaar wat tot bekering kom - ook blydschap oor jou! Is daar by jou twyfel oor God se beloftes? Kyk na Isak en lag van vreugde oor Jesus Christus.

Sing: Psalm 48:1,5

Ds AP Krüger (Postmasburg)